

**14 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 41 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Jesaja 41:10**

### **Die Here ook God van die geskiedenis**

Jesaja het aangetoon dat God Almagtig is in sy skepping en herskepping en daarom in staat is om sy volk te red. Nou toon hy aan dat God deur sy ewige raad en voorsienigheid ook die God van die geskiedenis is.

Die geskiedenis van destyds was een van koalisies en bondgenootskappe. Die koning van Babel het steun by twee ander konings gesoek: Medië en Lidië. Dan stuur God Kores van Persië! Paniek breek uit. Medië word deur Kores verower. Lidië soek hulp by die Griekse orakels en afgode word om hulp gevra.

Hierteenoor staan die boodskap van die profeet van die HERE: "Maar jy, Israel, my kneg, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend ... Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand..." (Jes 41:10).

In die midde van die wêreldgewoel bring God kalmte vir sy kinders. Hy bestuur die geskiedenis. Hy het met sy volk begin (uitverkiesing) en Hy sal dit met sy volk voltooi (verlossing). Die geskiedenis word so bestuur dat die Verlosser, soos God beloof het, uiteindelik uit Israel gebore word. Ook vandag bestuur God die geskiedenis. Hy het ook met ons begin (uitverkies én verlos), Hy sal dit ook met ons voltooi (wederkoms). "Wees nie bevrees nie, wurmpie Jakob, volkie Israel".

*Sing: Psalm 2:1,2*

*Ds FJ du T Lessing (Emeritus)*